**12 Februarie**

## Lewensharmonie

**Skrifgedeelte: Genesis 39**
**Fokusgedeelte: Genesis 39:2, 21**

O die paradoks! Josef word op die slawemark in Egipte gesleep en verkoop...

*... en "die Here was by Josef".*

Josef vlug vir me. Potifar se aanlêery, word vals beskuldig, onverhoord in die tronk gestop, daar vergeet …

*... en "die Here was by hom, en Hy het Josef sy troue liefde laat ondervind".*

Die bedorwe witbroodjie Josef is ingeskryf in die Here se leerskool. Hy moes leer om sy plek in God se plan vol te staan. 'n MBA om Egipte te bestuur: Huishoudingsbestuur 101, Tronkbestuur 201, Emosionele Intelligensie 301.

God skryf ons gereeld by sulke leerskole in. Meestal lyk die uitdagings onmenslik. Baie keer is die druk op ons ontsettend. Soms reageer ons met gevoelens van verontregting, verbittering, word meester-klaers. Ek's seker jy kan heeldag lank van jóú leerskool vertel ...

*En altyd – sonder uitsondering – is die Gees híér om ons in die stabiele, veilige, versorgende, beskermende troue liefde van ons Here Jesus Christus vas te hou*.

Want sien, God leer ons in sy lewensskool nie net bestuursvaardighede en emosionele intelligensie nie. Die hoofvak waarin ons heeltyd prakties doen, is *Lewensharmonie-met-God*. Lewensharmonie wat me. Potifar nie durf versteur nie. Lewensharmonie waarin onregverdige opsluiting nie 'n duik kon maak nie. Lewensharmonie wat 'n slaaf en bandiet tot Egipte se onderleier laat promoveer.

Wat is die Here tans besig om jou te leer? Hoe vorder jou prakties in *Lewensharmonie-met-Hom*? Dink net waarvoor Hy jou voorberei!

*Sing: Psalm 71:1, 2, 4, 10 (1936) of Psalm 71:1, 2, 3, 6 (2001); Psalm 73:1, 7, 10, 12 (1936) of Psalm 73:1, 3, 4, 5 (2001)*

*Ds. Johan Fleischmann (Vleuels)*